

Saterdag 14 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:1-5

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:4; HK Sondag 31, Vraag 84

Die gesag van die prediking van die Woord

Die bediening van God se Woord het goddelike gesag juis omdat dit die Woord van GOD is wat verkondig word en nie die woord van 'n mens nie. Die gesag van die verkondiging van die evangelie word ook duidelik geopenbaar in Paulus se brief aan die Korintiërs (2:4). By hulle was die Griekse wyse van redenering en welsprekendheid hoog geag.

Daarteenoor sê Paulus volgens die 2014-vertaling dat sy prediking van Christus as gekruisigde nie berus op “oorredende woorde van wysheid nie, maar op bewyse van die Gees en van krag”. Met die uitdrukking “oorredende woorde van wysheid” verwys Paulus na die sogenaamde *dialektiese* metode van die Grieke waarvolgens daar deur vraag en antwoord na die waarheid gesoek word.

So was Paulus se prediking juis nie. Hy het nie na die waarheid gesoek toe hy vir hulle gepreek het nie. Nee, sy prediking het berus “op bewyse van die Gees en van krag”, of soos 'n ander gesaghebbende vertaling dit weergee: “met die *demonstrasie* van die krag van die Gees.”

Die Griekse woord *apodeixis* wat met *bewyse* of *demonstrasie* vertaal is, was in die Griekse logika die tegniese term wat gebruik is om die onweerleg-bare bewys van die waarheid van 'n stelling aan te dui. Van dié Griekse woord is die redelik onbekende Afrikaanse woord *apodikties* afgelei en dit dui aan dat 'n stelling of uitspraak *onweerlegbaar* is. Om iets *apodikties* te sê, beteken dus om dit met die grootste gesag en volle oortuiging van die waarheid daar-van te sê. Die waarheid word dan nie gesoek nie, dit is reeds daar. Dit word eenvoudig gesagvol gekonstateer.

So het Paulus die evangelie aan die Korintiërs verkondig en so moet dit vandag nog verkondig word: gesagvol as 'n onweerlegbare waarheid. Dit was ook die karakter van die prediking van die Ou-Testamentiese profete. Telkens het hulle gesê: “So sê die HERE ...” En omdat die Here dit sê, het sy Woord wat suiwer verkondig word, goddelike gesag.

Dit laat ons verstaan wat 'n preek is. 'n Preek is nie maar net 'n stigtelike woord of 'n sielsgedagte of 'n wetenskaplike verhandeling of 'n welsprekende redevoering nie. Nee, in die prediking wat werklik die bediening van die Woord van God is, het ons te doen met 'n gesagvolle verklaring wat van God afkomstig is, met 'n boodskap uit die hemel, met 'n proklamasie op gesag van die Seun van God.

Slegs sulke preke kan die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oop-sluit en vir die ongelowiges toesluit.